

Israel ontvang die die wet op die berg Sinai

Ontmoeting 19

Reëls vir God se familie

Aan die einde van die ontmoeting moet die kinders besef dat God nie vir ons reëls gegee het om ons te straf nie, maar juis omdat Hy vir ons lief is.

Teks: Eksodus 19, 20, 24, 32

Hulpmiddels:

- Die werkkaart van die “verlore gebod”
- 2 Plakkate - Op die een staan: “God” en op die ander een: “Ander mense”.
- 10 reëls op afsonderlike stroke papier. (Gebruik die “verlore gebod” se reëls.)
- Visuele hulpmiddels vir die 10 gebooe
- 40 nommers, genummer van 1 tot 40, op aparte stukkies papier
- Wondergom
- Klei
- Klippe
- Prent van die goue kalf
- Tandestokkies
- Werkkaart vir “Die belangrikste gebod”



WELKOM

Die verlore gebod:

Druk die tien gebooe uit op 'n vel papier en sny die gebooe los van mekaar. Neem elke strook met 'n gebod op en kram (“staple”) elkeen aan 'n lekkertjie vas. Steek die lekkers buite of in die vertrek weg en laat die kinders die verlore gebooe soek. Dis 'n lekker skattejag. Sodra hulle al die stroke het, moet hulle dit in volgorde pak sodat die 10 gebooe op mekaar volg.



WYDING

Temalied: “Ons God is 'n Wonder God” (“Our God is an awesome God”) (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Staan in 'n kring, hou hande vas en sê die volgende:

“Omdat ek in God glo*, kan ek die mense wat my seermaak vergewe.

Omdat ek in God glo*, sien ek uit na die mooi lewe wat God vir my gereedmaak.”



WOORD

Die hele tyd wat die Israeliete in die woestyn was, het God vir hulle gesorg. Ek wonder wie van julle kan vir my 'n paar voorbeelde noem van hoe God vir hulle gesorg het. (*Manna, kwartels, water, ens.*)

Daar was nog iets spesiaals waarmee God hulle gehelp het.

Die Israeliete was 'n groot groep mense en daar het baie keer probleme gekom. Mense het mekaar kwaad gemaak en dan het hulle by Moses gaan kla. Soms het Moses nie dadelik geweet wat om te doen nie. Dit het vir Moses baie moeg en die mense baie ongelukkig gemaak.

Wat die Israeliete nodig gehad het, was duidelike reëls van hoe hulle teenoor mekaar en teenoor God moes optree. Dan sou dit nie nodig wees om te wonder of hulle die regte ding doen nie en daar sou baie minder bakleiery wees.

God wou graag vir Moses en die Israeliete hiermee help. Daarom het Hy vir Moses geroep om op die berg Sinai te klim. Daar op die berg het God self 10 reëls op 2 plat klippe geskryf en vir Moses gegee.

Daar was 2 soorte reëls. Party reëls het hulle gehelp om reg teenoor God op te tree en die ander reëls moes hulle leer om reg met mekaar saam te leef. (*Die plakkaat waarop “God” staan word teen die een muur geplak en teen die ander muur “Ander mense”.*) Ek gaan nou 'n paar van die reëls noem en dan moet julle, sonder om te praat, tot by die plakkaat hardloop waar julle

dink dit hoort. Kom elke keer weer terug na die middel van die vertrek.

- ◇ Jy moet God loof en prys. (G)
- ◇ Jy mag nie skinder nie. (M)
- ◇ Jy mag nie vloek nie. (G)
- ◇ Jy moet net tot God bid (G)
- ◇ Jy mag nie ander mense se goed vat nie. (M)
- ◇ Jy moet lief wees vir Pappa en Mamma. (M)
- ◇ Jy moet die Here God liefhê en nie ander goed belangriker ag en liewer hê as vir Hom nie. (G)
- ◇ God moet die koning in jou lewe wees. (G)
- ◇ Jy moenie saam met 'n man of vrou slaap as julle nie getroud is nie. (M)
- ◇ Jy moet een dag in 'n week spesiaal vir die Here gee. (M)
- ◇ Jy mag nie iemand doodmaak nie. (M)

Nr.	Prent van:	Gebod sê:	Betekenis van gebod:
1	God alleen	Jy mag geen ander God hê nie.	As Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie, want Ek sal die belangrikste wees in jou lewe.
2	Bid	Jy mag tot geen ander god bid of 'n afbeelding van 'n god hê nie.	As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om gesnede beelde van My te maak nie, want jy sal self my beeld dra.
3	Mannetjie praat	Jy mag nie God se Naam op verkeerde maniere gebruik nie.	As jy My liefhet, sal My naam nooit 'n vloekwoord oor jou lippe kan wees nie, maar in alle omstandighede deur jou eerbiedig en gerespekteer word!
4	Kerk	Jy moet op 'n Sondag fokus op God.	As Ek die ereplek in jou lewe het, sal Sabbat die hoogtepunt van die week vir jou wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om in die Gemeenskap van die heiliges My te aanbid. Dit sal 'n dag wees om na uit te sien, nie om teen op te sien nie!
5	Kroon op gesin	Jy moet jou meerderes (ouers, onderwysers, ens.) respekteer.	As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou 'n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal nie vir jou moeilik wees nie, want agter hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies het!
6	Geweer	Jy mag nie ander doodmaak of verkleineer nie.	As jy My liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê van doodmaak!
7	Man en vrou wat baklei	Wees getrou aan die man of vrou met wie jy getroud is.	As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. As Ek 'n plek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en julle geluk sal Ek in my hande bewaar en vashou!
8	Lekker-goedhouer	Jy mag nie steel nie.	As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daagliks vra: "Aan wie kan ek iets gee?" en jy sal nooit iets van ander wil neem nie.
9	Regter	Moenie oordeel nie.	As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van 'n ander kwaad te praat nie. Deur My gees sal jy 'n mens wees wat van 'n ander niks sal sê as dit nie iets goeds is nie!
10	Begeer	Moenie wens jy het ander mense se goed nie.	As jy een met My is, sal My gees jou tevredenheid gee om vergeenoegd te wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kortkom nie!

Kinders gaan sit weer rustig. Kom ons kyk na elkeen van God se 10 reëls en wat dit beteken. *(Gebruik die visuele hulpmiddels van die 10 gebooie.)*

Hierdie 10 reëls noem ons die 10 gebooie. Ons kan dit in die Bybel lees in Eksodus 20 en Deuteronomium 5.

God het hierdie 10 reëls vir Moses gegee, maar nie net dit nie. Hy het ook vir Moses geleer oor spesifieke sake soos hoe hulle slawe moet hanteer, hoe hulle vir God moet offer, ens. God het ook vir Moses in baie fyn besonderhede vertel hoe hulle 'n tent moes bou wat hulle as kerk kon gebruik.

Moses was vir 40 dae (6 weke) op die berg Sinai om al hierdie instruksies van God te kry.

Ek wonder hoe sou jy gevoel het as jou Pa en Ma vir 6 weke weggaan en jou alleen by die huis los. Jy sal begin wonder of hulle ooit gaan terugkom.

Die volk het begin wonder of Moses ooit gaan terugkom. Hulle was bang dat hulle nou sonder 'n leier in die woestyn is.

(Plak 40 stukkies papiere teen die muur. Nommer van 1-40. Dit is die hoeveelheid dae wat Moses op die berg was.)

Verduidelik aan die kinders dat 40 dae eintlik kort was. Die Israëliete moes 400 jaar wag voordat hulle bevry is van slawerny.

Abraham was 100 en Sara 90 voor Isak gebore is. Josef was al 'n ou man toe hy weer met sy gesin verenig is. God hou altyd Sy beloftes, maar Hy doen dit in Sy eie tyd. Ons moenie moeg word om te wag vir God nie. Hy doen altyd wat Hy belowe het.

Die Israëliete het egter moeg geraak daarvoor om te wag vir Moses en het gewonder wat die Egiptenare sou doen. Hulle het vir Aäron gevra om vir hulle 'n god te maak wat hulle kan help en lei. Aäron het toe vir hulle 'n beeld van 'n kalf gemaak van al die goue juwele wat hulle vir hom gebring het. Ek wonder of dit 'n slim plan is om iets met jou hande te maak en dan te wil hê daardie dooie ding moet jou help en lei.

Die Israëliete het gedink dis 'n baie slim plan, want hulle het tot die beeld gebid, dankie gesê dat hy hulle uit Egipte gelei het, hulle het vir hom geoffer en hulle het 'n hele groot fees gehou. Ai tog! Ek wonder hoe het God hieroor gevoel.

God het gesien wat by die kamp van die Israëliete aan die gang was en Hy het vir Moses gesê dat Hy baie kwaad vir die Israëliete is – Hy gaan hulle almal doodmaak. Net vir Moses gaan Hy spaar en hom 'n groot nasie maak. Ek wonder hoe Moses gevoel het toe hy hierdie nuus kry.

Moses het by God gepleit om nie die volk dood te maak nie en hy het God herinner aan Sy belofte aan Abraham. God belowe toe dat Hy sal aanhou om vir die volk te sorg.

Hy het met die twee plat klippe in sy hand teen die berg afgeklim tot waar Josua vir hom gewag het. Toe hulle sien hoe die Israëliete feesvier rondom die goue kalf, het Moses so kwaad geword dat hy die klippe flenters gegooi het. Al die reëls wat God neergeskryf het, was nou flenters!

God het steeds vir die volk sy liefde gewys en hulle nie almal doodgemaak nie. God het weer vir Moses die 10 gebooie opgeskryf, sodat hulle dit altyd kan hê. Daarna moes hulle 40 jaar in die woestyn rondswerf. Omdat die mense die goue kalf aanbid het, kon hulle nie self in die Beloofde Land intrek nie, maar hulle kinders kon. In die 40 jaar het God goed vir hulle gesorg en daar het nog baie wonderwerke gebeur (soos dat hulle klere nie oud en stukkend geraak het nie). So moes hulle leer om in Hom te glo en Hom alleen te aanbid.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe lank moes jy al wag vir iets wat jy BAIE graag wou hê.
2. Ek wonder of jy al vir God iets gevra het wat Hy eers later vir jou gedoen het.
3. Ek wonder of God altyd “ja” sê as jy vir Hom iets vra.



WERSKAF

- ♦ Bou 'n klip altaar: Gee vir die kinders elkeen 'n stuk klei. (Gebruik die kleiresep in die blokkie.) Laat hulle elkeen 2 plat stukke klei maak om die twee tafels waarop die 10 gebooie geskryf is, voor te stel. Laat hulle op elkeen van hul "tafels" een van die 10 gebooie skryf of teken met tandestokkies of vuurhoutjies.
- ♦ Sit die werkkaart van "Die belangrikste gebod" se stukkies aanmekaar.
- ♦ Maak 'n goue kalf met 'n papierbord, wasgoedpennetjies en die tekening van die kop op geel karton. (Sien foto.)

Sluit af met die seënbede.

Sout-klei-resep

Meng 1 koppie koekmeel en $\frac{1}{2}$ koppie sout in 'n mengbak.
Voeg $\frac{1}{2}$ koppie water bietjie-vir-bietjie daarby tot die deeg die regte tekstuur het. (Dis heel moontlik nie nodig om al die water by te voeg nie.) Meng goed.

Die verlore gebod

Sny die stroke uitmekaar en kram elkeen aan 'n lekkertjie vas. Steek hulle buite of in die lokaal weg voor die kinders kom en laat hulle 'n lekker skattejag hou om die gebooie weer almal te kry. Sodra almal gekry is, moet die kinders die gebooie in volgorde rangskik.

Jy mag geen ander God hê nie.

Jy mag vir geen ander god bid of 'n afbeelding van 'n god hê nie.

Jy mag nie God se Naam op verkeerde maniere gebruik nie.

Jy moet op 'n Sondag fokus op God.

Jy moet jou meerderes (ouers, onderwysers, ens.) respekteer.

Jy mag nie ander doodmaak of verkleineer nie.

Wees getrou aan die man of vrou met wie jy getroud is.

Jy mag nie steel nie.

Moenie oordeel nie.

Moenie wens jy het ander mense se goed nie.



Jy mag nie
ander gode
aanbid nie.
Ek is die
enigste God.



Jy mag
niemand
doodmaak nie.

Jy mag nie vir
jou 'n beeld
maak en voor
hom buig en
hom dien nie.



Jy mag nie
egbreuk pleeg
nie.



Jy mag die
Naam van jou
God die Here nie
gebruik vir iets
wat verkeerd is
nie.



Jy mag nie
steel nie.

Jy moet onthou
dat die
Sabbatdag 'n
gewyde dag is.



Jy mag nie
leuens
vertel oor
ander
mense nie.



Jy moet jou
ouers
respekteer.




Jy mag nie
begeer nie.

Die belangrikste gebod

Die tablet waarop die belangrikste gebod neergeskryf is, het in stukke gebreek. Kyk of jy die tablet weer kan herstel. Knip al die stukkies uit en plak hulle in die regte blokkies op die tablet. Wenk: Die eerste 3 blokkies bevat die Skrifverwysing in die derde Evangelie waar hierdie teks voorkom.

E N	E T J	F .	H E L E	L I E F	L E N
E R E	H Ê M	E V E	H E L	J O U	S O O
M E T	N J O	H A R T	E T D	L U K	J O U
1 0 : 2	E L E	U S E L	I E H	O U H	N D , E
S I E	M E T	G O D	Y M O	S J O	A S T E
7 : J	R S T A	U N A	J O U		

Golden Calf Craft



Die tweede gebod:

"Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak nie."

Eksodus 20:4

